

HET **JAN MARAIS**
NATIONALE FONDS



FINANSIËLE JAAR
2013-2014
VOORSITTERSVERSLAG

Gelewer op 22 Julie 2014



ALGEMEEN

Die afgelope 98ste bestaansjaar van Het Jan Marais Nasionale Fonds was 'n goeie een vir die Fonds en vir die trustees, hoewel nie so positief vir ons land nie.

Ons beleggings het 'n nuwe hoogtepunt bereik en ons kon sonder enige sorg voortgaan om die Fonds se oogmerk te bevorder en terselfdertyd die finansiële toekoms daarvan te versterk. Die trustees het ook op administratiewe vlak vernuwend opgetree.

Ons stigter, wyle mnr Jan Marais, se testamentêre opdrag van 1915 bly relevant en die trustees gaan voort om aan die gees daarvan uitvoering te gee deur die bevordering van die belange van die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika, van alle kleure en agtergronde, met voorkeur aan dié in die dorp en distrik Stellenbosch. Sodoende bevorder ons ook die belange van alle landgenote met wie ons as Afrikaanssprekendes hierdie land en dorp deel.

Met ons land gaan dit egter nie so goed nie. Die regering, herverkies met 'n kleiner meerderheid in Mei 2014, lyk rigtingloos en word gekenmerk deur wydverspreide korrupsie (waarvan die Nkandla-skandaal simptome is). Die gewone burger word voortdurend blootgestel aan geweldadige misdaad, wat saamhang met die ondoeltreffendheid van die SAPD en op 'n meer diepliggende vlak die skynbaar onoorbrugbare gaping tussen ryk en arm. Die voortgesette arbeidsonrus wat beleggersvertroue ondergrawe, dra nie by tot die vermindering van werkloosheid nie.

In ons dorp en distrik, en in die Wes-Kaapse provinsie, gaan dit relatief goed. Nietemin bly daar groot armoede, veral in die bruin gemeenskappe waar dwelmmisbruik en bendegeweld 'n groot probleem bly. Die herkose provinsiale DA-regering sal met

groter daadkrag hieraan aandag moet gee.

Die regering se verwaarlosing van die kulturele regte van ons land se gemeenskappe (in die geval van die Afrikaanssprekendes selfs die ondergrawing daarvan, soos aangetoon deur die SAUK se jongste besluite oor Afrikaanse nuusbuletins) bly 'n bron van kommer en 'n aansporing vir organisasies soos ons s'n om dit in samewerking met ander instansies teen te werk.

FINANSIES

Die onsekerhede in die internasionale ekonomie het aangehou. Die krisis in die Euro-sone het afgeneem, maar is nie verby nie. Die nuwe motore van die internasionale ekonomie, China en ander Oos-Asiatiese lande, het nie na wense gepresteer nie. En die huidige onrus in die Nabye Ooste en in die Oekraïne het tot die onsekerheid bygedra.

Nietemin was die finansiële jaar tot 28 Februarie 2014 weer eens 'n baie goeie een vir Het Jan Marais Nasionale Fonds.

Die Fonds kon die afgelope finansiële jaar afsluit met 'n batige saldo van meer as 'n miljard rand, te wete R1 185 000 000. Dit is 'n rekord in die Fonds se bestaan waarop die trustees trots kan wees. Ook het die Fonds se inkomstestaat weer 'n sterk styging in bruto inkomste vir die jaar getoon (van R21,7 miljoen na R27,8 miljoen, eweneens 'n rekordbedrag), terwyl ons netto-inkomste stewig toegeneem het tot R20 miljoen (teenoor R14,3 miljoen in 2012-2013).

Die bevredigende inkomsteposisie het die trustees in staat gestel om skenkings ten bedrae van amper R14 miljoen te maak, 'n styging vergeleke met die vorige jaar se R13,2 miljoen. Die gaping van byna R6 miljoen tussen netto-inkomste en skenkings is

missien 'n aanduiding dat die Fonds meer rigtinggewend in selektiewe strategiese projekte kan belê.

DANKWOORDE

Ek spreek graag weer my dank uit teenoor ons batebestuurders: BoE Aandelemakelaars verteenwoordig deur mnr Ivan Joubert (bygestaan mnr HJ (Mof) Terreblanche), en Coronation Batebestuurders verteenwoordig deur mnr Johan Kriek. Hulle beleggingsprestasies in wisselvallige markte was goed en ons verhouding met hulle hartelik.

Hartelike dank ook aan ons altyd betroubare ouditeure, die Stellenbosse kantoor van PriceWaterhouseCoopers.

Soos in vorige jare moet ek my dank teenoor elkeen van die trustees individueel uitspreek. Die komende jaar sal waarskynlik veranderinge in die samestelling van die raad van trustees sien met die oog op die versekering van die Fonds se langtermyn-toekoms, maar ek weet dat elkeen van hulle 'n intense lojaliteit teenoor die Fonds en sy doelstellings het.

Pad vorentoe: Die trustees sal voortgaan om die Fonds se toekoms te verseker, nie net deur goeie finansiële toesig nie, maar ook deur deurlopende aandag aan vernuwing in die bestuurs- en administratiewe aspekte van ons funksionering.

Die trustees het dus gekyk na die voortgesette effektiwiteit en volhoubaarheid van ons bestuur, veral na aanpassings by nuwe omstandighede soos die gebruik van die sogenaamde nuwe media en ander nuwe tegnologie deur die Fonds self en deur ons bevoorreedes.

Dit het gelei tot die uittrede van ons langjarige sekretaris, mnr Danie van den Berg, vir wie se nougesette en lojale bestuur van en toesig oor die Fonds se administrasie ek die trustees se hartelike dank wil uitspreek. Danie was nie net 'n gewaardeerde kollega nie, maar ook 'n vriend.

Op 1 Maart 2014 het mev Annamia van den Heever, vroeër verbonde aan die Universiteit se Stigting, oorge neem as die Fonds se sekretaris, tot einde Mei 2014 in samewerking met mnr Van den Berg. Ons sien uit na haar nuwe insigte en energie, wat sy reeds getoon het met die vestiging van 'n eie kantoor vir die Fonds in die Bergzicht-herhuis in Birdstraat.

Ons sien uit na die viering van die 100-jarige bestaan van die Fonds in 2015 en na die boek oor die Fonds en sy stigter wat dan sal verskyn. Prof Pieter Kapp het die teks voltooi en 'n uitgewer is aangestel. Die eerste reëlings vir die funksie die aand van 30 Mei 2015 in die woning van mnr en mev JH Marais op Coetzenburg is reeds getref. Dit belooft om 'n gedenkwaardige geleentheid te wees.

A H VAN WYK

22 Julie 2014